

Beginsels van 'n gelukkige huwelik -1

My getuienis

Ek en Mandy is op 5 Junie 1976 getroud. Dit was gedurende die oorlog in Rhodesië, en ek was vir die eerste ses maande van ons huwelik in die weermag (diensplig) vir ses weke op 'n slag met tien dae tussen in af. Dit was nie 'n goeie begin nie, maar ons was verlief en het dit hanteer. Daarna is ons vir twee jaar Bybelskool toe – of eerder, ek is Bybelskool toe terwyl Mandy gewerk het. Ek sal haar ewig dankbaar wees vir haar opoffering. Hierna het ons vir 18 maande na ons moedergemeente teruggekeer voordat ons beroep is om ons eie gemeente in Fort Victoria te behartig. Teen daardie tyd was ons maar vier jaar getroud. Ons was jonk en groen. Hierdie sou ons oefenterrein in kwessies van die regte lewe wees.

Die vorige leraar van die gemeente, 'n bejaarde pastoor en sy vrou – liewe mense vir wie ons nogsteeds hoog ag – sou verplaas word na 'n ander gemeente. Ons nuwe gemeente wat nou vakant was het egter deur swaar tye gegaan, en toe ons daar aankom, was daar net elf ouetehuis pensionarisse en twee jong mans van ons ouderdom oor. (Baie mense het gedurende die oorlogsjare geïmmigreer.) Die vorige pastoor en sy vrou was in so 'n toestand van diep kliniese depressie dat hulle nie kans gesien het om te trek nie. Hulle het toe aangebly en elke dag in my sitkamer kom sit met 'n byna tasbare wolk van somberheid wat oor hulle gehang het. 'n Mens kan daardie tipe situasie vir 'n paar dae hanteer,

maar wanneer daar dag na dag geen teken van verligting is nie, begin dit jou ook te vang.

Hou in gedagte dat ek in beheer was van die gemeente, my huis en nou hierdie situasie. Ek moes iets doen. Maar met my gebrek aan ervaring het ek geen idee gehad wat om te doen nie. Die situasie het my vrou baie ernstig begin raak, en maak nie saak wat ek vir haar gesê het nie, kon ek haar nie optel nie. Ek was op my eie. Sy wou nie kerk toe gaan nie; sy wou niks van die Bybel weet of die verse van bemoediging wat ek aangehaal het om haar te bemoedig nie; sy wou niemand sien nie. Dit was 'n moeilike een! Ek het nie geweet wat om te doen nie. Ná 'n paar maande hiervan het ek desperaat geraak en het ek een oggend vroeg tydens my stiltetyd na die Here uitgeroep. "*Jesus, wat moet ek doen?*" Ek het die Bybel oopgeslaan en vir die Here gesê, "*Ek weet daar is 'n antwoord in u Woord. Wys dit asseblief vir my.*"

'n Klein saadjie is deur 'n Amerikaanse pastoor, Jim Boswell, in my hart geplant terwyl ek in Bybelskool was (dankie, Jim, waar jy ookal in die wêreld mag wees), en die Skrif het daardie oggend na my gekom:

Efes 5:25-28 "Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het

5:26 "om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,

5:27 "sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.

5:28 "So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggames"

Die waarheid en betekenis van hierdie kragtige gedeelte het my skielik getref. Dit is wat die Here my gewys het:

1. *Dit is die man se plig om eerste sy vrou lief te hê, of hierdie liefde terug ontvang word of nie. Christus het vir ons gesterf toe ons nog sondaars was. Ek moet daarom meer daarna verlang om lief te hê as om geliefd te wees. Dit is Christus se liefde wat verandering in ons meegebring het, en dus, as ek my vrou liefhet, het ek die voorreg om vir 'n verandering in haar te bid. Nie te kritiseer nie – net lief te hê. Nie vir een dag, of twee of drie nie, maar voortdurend, ongeag haar reaksie.*
2. *Christus het sy Bruid geheilig en gereinig – hoe? Sy woorde van deernis en liefde reinig ons. Sy Woord praat so saggies met ons en trek ons in 'n verhouding met Hom. Op dieselfde manier behoort ek my vrou te reinig met voortdurende sagte, liefderike woorde.*
3. *Christus hou sy Bruid met skoonheid en prag aan Homself voor. Dit was dan ook my verantwoordelikheid - om 'n visie vir haar te hê – om haar in skoonheid te sien, losgemaak van depressie. Vriende, daar kom 'n heerlike dag wanneer ons elkeen voor daardie groot en pragtige troon gaan staan. En op daardie dag sal my pragtige vrou in skoonheid en heerlikheid langs my sy staan. Daar sal ek haar voor die Here hou. "Here, hier is die maat wat U vir my gegee het. Sy het haar rol as vrou en ma wonderlik vervul.*

Dankie, Here, dat U hierdie pragtige geskenk in my sorg toevertrou het. Sy het geen vlek of rimpel nie, want alles is in die bloed van die Lam skoongewas en ek hou haar voor U in al haar heerlijkheid.” (Sal jou vrou daardie dag in vodde of in prag geklee wees? Dit hang grootliks af van hoe jy haar hanteer het, meneer.)

Dit is wat die Here my daardie oggend gewys het. Die tyd van beproewing het aangebreek. Vir drie maande het ek haar nie vertel wat die Here my gewys het nie. Ek moes eenvoudig die waarheid toepas. Enige woord van God het 'n tydperk van beproewing – moet vir geen oomblik dink dat jy die beproewing sal vryspring nie. Ek was hewig beproef. Die bejaarde paastoor en sy vrou het nogsteeds elke dag gekom. Die oordeelsdag gevoelens was nog daar. My vrou het nogsteeds baie gehuil. En ek het geen idee gehad hoe lank die toetstydperk sou duur nie. God gee vir ons beloftes in sy Woord, maar daar word nooit 'n definitiewe toetstydperk gegee nie.

My beproewingstydperk was drie maande. Drie maande van liefde gee, sag en teer met haar te werk gaan, en die volle verantwoordelikheid van die kerklike werk en ander bediening op my te neem – sonder om te weet hoe lank dit sou duur.

God is getrou. Hy sal nooit ons toets bo dit wat ons kan verduur nie. Wanneer ons aan Hom gehoorsaam is, sal Hy ALTYD sy deel doen. Daardie dag het gekom. Dit was net soos 'n gewone dag. My vrou het besluit om koek te bak. Terwyl sy in die kombuis besig was, het God skielik in 'n hoorbare stem met haar gepraat. *"Hoe lank gaan jy die duiwel toelaat om oor jou te loop?"* Sy het omgevlieg maar niemand gesien nie. Die Here het verder in haar

gees met haar gepraat oor persoonlike sake. Ek het nog nooit God se hoorbare stem gehoor nie, en sy het dit nog nooit weer gehoor nie, maar daardie dag het God namens my ingetree en haar wonderbaarlik bedien.

Haar lewe het dadelik omgekeer. Net een woord van God is al wat nodig is! Sy het in die buurt ingevaar en tot my verbasing 'n Sondagskool begin, en sy het nog nooit weer teruggekyk nie. God het ingetree. Ek het my deel getrou nagekom en Hy syne. So het ek geleer dat as een party hulle deel doen en die ander in 'n sekere gebied gebrek ly, sal die eerste party se gewilligheid tot gevolg hê dat God namens hulle sal intree. Is jy gewillig om getrou te wees tydens jou beproewingstydperk?

Hierdie was my persoonlike ervaring, en ek glo dit is die begrip van hierdie Skrifgedeeltes wat die onderliggende faktor in die sukses van my huwelik deur die jare was. Ek bid dat die waarheid daarvan diep in jou gees sal vestig en vir jou ook sal seën. Mag ek voorstel dat jy 'n paar minute neem om daardie Skrif te bedink? Gaan haal jou Bybel en lees dit daaruit. Onderstreep dit. Leer dit. En dit sal seën tot jou siel wees.

Ek moet weer beklemtoon dat die sukses niks met my slimheid, goeie geluk of enige ander faktor te doen het nie. Ek is net 'n baie doodgewone persoon vir wie Jesus gesterf het en sonder wie ek geheel en al verlore sou wees. God is die een wat die beginsels in die eerste plek vir ons gegee het, en elkeen van julle het dieselfde toegang tot sy seën as julle aan Hom gehoorsaam is.